

Reg vir die

deur HENRIETTE LOUW

Vrolik die grys, somber reëndae op met hierdie kleurige reënmanteltjies en reënhoedjie. Knip net 'n sirkel uit waterdigte materiaal. Die manteltjie word bo by die skouers met Velcro vasgeheg, en wanneer die sonnetjie weer kop uitsteek, word die reëndruppels eenvoudig afgeskud en die manteltjie opgerol



somerreën

Grootte

Vir 'n gemiddelde kind, twee tot vier jaar oud. Verstel die lengte indien nodig.

Benodigdhede

Kort manteltjie: 80cm katoenrug-PVC, 130,5 cm wyd, in die hoofkleur.

Lang manteltjie: 1,25 m nylon cire, 1,5 m wyd, in die hoofkleur asook 'n stuk 50 x 50 cm in 'n teenstellende kleur.

Vir albei: 30 cm Velcro, 2 cm wyd; 1 m band, 2,5 cm wyd, wat by een van die kleure pas; gare om by die kontraskleur te pas; kleefband; kontak-kleefmiddel vir PVC-materiaal.

Let Wel! Moet nooit vir hierdie soort materiaal spelde gebruik of dit ryg nie, aangesien dit blywende merkies laat.

Aanwysings

Vergroot die patrone volgens skaal op die grafiekpapier en plaas die patroondele op die voulyn waar aangedui. Vou hulle oop en teken al die patroonmerke aan albei kante. Knip die patrone op die materiaal soos volg uit:

Vou die materiaal oop en lê plat met regte kant na bo. Plaas die patrone bo-op en plak hier en daar langs die kante aan die materiaal vas. Knip uit die hoofkleur een mantel en een hoofdeel vir die reënkappie. Knip die kappierand plus twee belegsels met die regte kant van die patroon elke keer op die regte kant van die materiaal.

Mantel: Plaas die mantel plat neer met die verkeerde kant na bo. Plaas een belegsele sodat merkkepies ooreenstem met die verkeerde kant na bo oor elke halsrand sodat dit 'n voltooide sirkel vorm en met skouerlussies wat uitsteek. Heg die belegsels met kleefband aan die mantel vas. Stik die belegsels al op die stikselyns vas en stop telkens by die spleet aan die luskant.

Knip naattoelating tot 5 mm, knip by die rondings in en vou die belegsels na die regte kant van die mantel om. Vou die inslag met die hand plat en heg met kleefpapier vas. Vou die rafelrand wat by elke soom uitsteek 1,5 cm in om die ronding te voltooi en plak vas (indien PVC gebruik word). Stik op halslyn, maar wees versigtig om nie die belegsels wat mekaar oorvleuel, raak te stik nie.

Vou die lussies om sodat die opening gesien kan word. Knip die Velcro in twee lengtes om kante van opening te pas. Maak elkeen los en plaas die harde deel met growwe kant na bo, al langs die een kant van die opening (of gleuf) en begin oor die Velcro-punt van belegsels en oor die mantel tot aan die end van die gleuf. Stik kante van Velcro vas. Maak lussies weer toe.

Knip die rondings in om netjiese hoeke te vorm, vou die oorblywende kante van die belegsels 5 mm om en plak die belegsels vas. Stik bo-op lussies sonder om die mantel langs die kant wat A gemerk is, te vang en stik dan bo-op al die ander inslae aan die mantel vas.

Werk die sagte deel van die Velcro aan die onderkant van die lussies vas waar hulle die harde gedeelte oorvleuel.

Vou die soom aan die onderkant van die mantel 1,5 cm om, knip die rondings in (plak vas indien PVC gebruik word) en stik een of twee keer bo-op vas.

Reënhoe: Laat die merkkepies ooreenstem en plaas die rand en hoofdeel van hoed met regte kante opmekaar. Plak tydelik met kleefband vas en stik rondom die ronding van die hoed al langs die stikselyns. Vou die naat oop, druk die toelating aan elke kant met die vingers terug en met die kepies opmekaar, stik die reguit rande van die hoed en rand met regte kante opmekaar in een onafgebroke lyn vas. Vou naat oop en plak vas indien PVC gebruik word.

Vou die binnesten ronde rand van hoedrand 5 mm om en plak inslae vas, indien PVC gebruik word. Knip die toelating van die inslae in en dop die rand en hoed om sodat verkeerde kante opmekaar is. Druk die naat plat, vryf die hoedrand plat sodat dit die hoed pas en plak met kleefband vas. Stik hoed en rand aan bokant naby die hoedrand, opmekaar vas.

Knip die band middeldeur. Vou die hoed plat sodat die reguit naat aan die een kant in die middel is. Skuif een punt van elke stuk band in tussen die binnesten rand van die hoedrand en hoed aan elke kant waar die voue is. Vou die hoed oop en stik bo-op binnesten rand van hoedrand en heg die bande terselfdertyd vas.

Verwyder alle stukkies kleefband.





Materiaal in
kontraskleur

MANTELBELEGSEL
knip 2



Knip 1 op voulyn



Vou